# BEGRAFNIS/TROOSDIENS te NG KERK NYLSTROOM-OOS

Ons innige simpatie met die afsterwe van u geliefde. Ons bid dat ons Hemelse Vader Sy hand van vertroosting oor u en u familie sal hou.

Dit is belangrik dat die kerkkantoor verwittig word van ʼn lidmaat se afsterwe, vir verskeie redes. Laat weet ons dus so gou moontlik asb, veral as die begrafnis/troosdiens nie plaasvind uit ons kerkgebou nie.

Vervolgens die reëlings rondom die begrafnis/troosdiens:
U moet ***die dominee en die kerkkantoor*** so gou moontlik in kennis stel om ʼn datum en tyd te bevestig.

***Die bedrag betaalbaar deur die familie word as volg opgedeel:***
**Dominee R700 Koster R600 Tegnies R600 Orrelis R600 = Totaal: R2500**
*(Kostes vir die Koster is sleg betaalbaar indien die diens geskied oor ʼn naweek.)*
In baie gevalle hanteer die begrafnisondernemers hierdie betalings uit die begrafnispolis uit, dan hoef die gesin/familie dit nie apart te betaal nie. Sou die polis egter nie daarvoor voorsiening maak nie, of daar word nie van ʼn ondernemer gebruik gemaak nie, is die onus op die gesin/familie vir hierdie betaling. Hierdie bedrag moet asb verkieslik in kontant die dag voor die diens by die kerkkantoor betaal word. Indien u dit eerder elektronies wil inbetaal doen dit asb betyds sodat die kantoor kan seker maak dat genoeg kontant teruggehou word daarvoor.
Die bankbesonderhede: NG Kerk Nylstroom-Oos, FNB Modimolle, rek no 6242 806 4414, lopend. As verwysing, gebruik asb die van, van die oorledene en begrafnis/troosdiens (bv Malan begrafnis). Betalingsbewyse kan gestuur word na kerkkantoor@ngoos.co.za en admin@ngoos.co.za.

**Die dominee**
Die keuse van dominee berus by u. Met hom bespreek u self die volgende: die boodskap (teksgedeelte) wat gebring moet word, die liedere en enige ander reëlings vir wat tydens die diens moet plaasvind.
Ds Ewald Schmidt telno 082 579 6648 of Ds Danie Jacobs telno 082 499 2751.

**Die Batebestuurder of koster (lg na-ure en naweke)**
Batebestuurder: Leon 071 613 9437
Koster: Chris Fourie 082 881 5544
Hanteer die oopsluit van die kerkgebou, saal en kleedkamers (beskikbaar by die saal vir begrafnisgangers). As u voor die diens toegang verlang tot die gebou vir bv die insit van blomme, moet u ook met hom reël vir die oop- en toesluit van die kerkgebou indien dit buite kantoorure is.

**Die tegnies en klank**
As u graag ʼn skyfievertoning (die familie is self verantwoordelik vir die opstel daarvan) wil laat vertoon, moet ʼn datastokkie voor die diens reeds afgegee word by die kantoor. Ons stel voor dat ʼn skyfievertoning nie langer as 3 minute, maksimum, moet wees nie. (Dit is nogal belangrik dat ons veral die skyfievertoning voor die tyd op ʼn datastokkie ontvang sodat ons kan verseker dat dit werk. Veral die musiek saam met ʼn vertoning kan ʼn probleem oplewer).
Die persoon se naam en telefoonnommer sal op aanvraag verskaf word omdat daar ʼn span is, en ons nie altyd vooraf weet wie beskikbaar gaan wees nie. Skakel die kerkkantoor vir die naam en nommer van die persoon. Onthou asb om u datastokkie te kry na die diens indien u een ingegee het vir gebruik.

**Die orrelis**

Indien u ŉ orrelis benodig, laat weet so gou moontlik, asb. Die liedere se woorde kan ook op die groot skerm vertoon word.

Liedere wat gespeel moet word, moet asb betyds deurgegee word na die kantoor sodat ons kan verseker dit is beskikbaar en dat die woorde beskikbaar is.

Die orrelis waarmee ons gewoonlik saam werk is Santie Henn telno 083 417 2498. As sy nie beskikbaar is nie dan reël die kerkkantoor ŉ ander orrelis.

**Lewendige uitsaai van die diens**

Die gemeente beskik oor die nodige toerusting om ook die diens – slegs die gedeelte in die kerk - lewendig te stroom op Youtube. Daar is geen ekstra kostes aan verbonde nie.

Indien u daarvan gebruik wil maak, vra ons dat die kantoor vooraf ŉ foto van die oorledene ontvang om ŉ begin skyfie/voorblad te maak vir Youtube.

Dit kan per WhatsApp aangestuur word na die kantoor (nommers soos onderaan die skrywe).

Die gemeente se Youtube kanaal: ngnylstroomoos. Persone wat daarvan gebruik wil maak kan net die gemeente se naam intik op Youtube.

**Blomme in die kerk**

Die familie is welkom op blomme te bring vir die verhoog. Ons versoek egter dat die blomme wat reeds gedoen is vir die eredienste, nie geskuif of verwyder sal word nie.

U kan die blomme van die kerkgebou na die saal verskuif word na die diens, indien u verkies. Die blomme, enige staanders, lappe, foto's ens moet asb ook verwyder word uit die kerkgebou alvorens alles gesluit word.

**Die verversings**

Sindy Mulder 072 225 3900

Daar word 5 brode se toebroodjies gegee wanneer ŉ lidmaat van ons gemeente te sterwe kom vir sy/haar diens uit ons kerkgebou. Indien die familie self ook verversings wil gee moet dit reeds op opdienborde gebring en betyds afgegee word by die saal (die span is so 2 ure voor die diens al beskikbaar by die saal). Daar word tee en koffie bedien, waterbekers met water en glase word uitgesit en klein bordjies met gewone wit servette, word verskaf. Die tafels en stoele word deur ons reggesit en gedek. Indien u mooi servette, blomme ens op die tafels wil hê, moet dit deur die familie verskaf word en betyds afgegee word by die saal.

Wanneer ŉ nie-lidmaat uit ons gemeente begrawe word of die troosdiens word uit ons gebou hanteer, mag daar ekstra kostes aan verbonde wees en van die reëlings kan verander. Skakel asb met Adél by die kerkkantoor vir meer inligting indien van toepassing.

Diensverskaffers vir ekstra verversings en blomme:

- Lone Bear Spur 014 717 4011
- Pick ŉ Pay Modimolle 014 007 0212
- Gretchens Catering 076 027 3015
- Deli Kissie 082 704 3315

- Eden Bloemiste 014 717 1011 (doen ook blomme)
- De Villiers Blomme 014 717 3899 (net blomme, nie verversings)

**Begrafnisse/troosdienste op Vrydae**

Ons versoek dat begrafnisse/troosdienste wat op Vrydae gehou word, se aanvangstyd 10:00 sal wees. Die skoonmaak personeel se werktyd is slegs tot 13:00 en die saal en geboue moet na die diens weer in gereedheid gebring word vir die Sondae eredienste en saal gebruik.

Sou die diens later begin en of die familie langer kuier, het dit tot gevolg dat die skoonmaak personeel langer ure moet werk. Sou dit gebeur, vra ons dat die familie die bykomende kostes sal dek. Vir die eerste 90 min, of gedeelte daarvan, sal dit R200.00 per werker beloop (drie werkers). Elke bykomende 60 min daarna, of gedeelte daarvan, sal R300.00 per persoon beloop. Die koste moet in kontant betaal word aan die Batebestuurder/Koster (watter een ook al teenwoordig is) alvorens u die terrein verlaat.

Indien u vooraf weet dat dit langer gaan neem, reël asb vroegtydig met ons en betaal dan ook sommer vooraf.

**Muur van Herinnering – nisse beskikbaar**

Die gemeente beskik oor ’n Muur van Herinnering indien u van die muur wil gebruik maak, kontak gerus die kerkkantoor.

Kontak gerus die kantoor indien ons kan help enige iets of indien u nog vrae het. Ons help graag.

**Kerkkantoor: 072 262 5929 of 0773 411 6944**
**Ma – Do: 08:00 – 14:00**
**Vr: 08:00 – 13:00** (gesluit vir besoekers maar ons is hier en sal help met toegang ens indien nodig).